# Hemel-op-Aarde Projek

## Verslag aan ons borge en vriende











**Januarie tot Maart 2026**




## Spanwerk maak die plan werk!

Ons het lank gelede by HOEP reeds tot die insig gekom dat probleme in die gemeenskappe waarin ons werk té kompleks is vir geïsoleerde benaderings. Deur aktief met ons borge, ander netwerke, kerke en die gemeenskappe saam te werk, word daar soveel meer bereik.

Dankie aan elkeen wat vanjaar weer hande vat met HOEP om duisende jong leerdertjies se potensiaal te ontgin en te ontwikkel!

**Kwaliteit Vroeë Remediërende Intervensie aan 3 265 wonderlike kinders!**



Bo: Ons *"Train-the-Trainer"* benadering. 125 Vroeë Kinderontwikkelingsentrums en Laerskole word tans op hierdie manier bereik.

Ons span het kwartaal 1 met vuur en ywer aangepak! Weeklikse opleidingsessies is met oorgawe aangebied en die opvoeders by die skooltjies het fantasties gevaar met die oordra van die perseptuele vaardighede, taalverrykingsaktiwiteite en wiskundige aspekte aan die leerdertjies in hul klasse.



Bo: Die leerders se vingerspiertjies word versterk, sortering vind plaas volgens kleur en vorm, kopiëring van vorms met roomysstokkies word gedoen… Leer is groot pret!!

Vir die opvoeders is daar egter op 'n hoër-vlak verduidelik wat fynmotoriek, visuele diskriminasie en visueel-motoriese koördinasie behels en watter rol elkeen van hierdie belangrike vroeë "boublokkies" in die leerders se akademiese ontwikkeling speel.

Onder: Wiskundige konsepte, getalherkenning en getalvorming word spelenderwys bemeester. Die opvoeders maak getalvorming 'n taktiele (tasbare) ervaring vir die leerders deur hulle die getalle te laat "voel" wanneer hulle dit in sand skryf, in skeerroom vorm of met skoon, nat kwaste teen 'n muur verf.





Bo: Finale vaslegging vind plaas wanneer die konkrete aktiwiteite op abstrakte vlak in die HOEP-werkboeke herhaal word.

### Met elke kunswerk word 'n stukkie Woord uitgestuur!



Van die wonderlike Bybelse Waarhede wat hierdie kwartaal deur kunswerkies uitgebeeld is:

- Ons is God se meesterstukke en elkeen van ons maak saak! (Ps. 139:14-15).
- God gee vir ons seisoene (Ps. 74:17).
- Ons is almal deel van God se familie (1 Joh. 3:1).
- God maak reënboë om ons te herinner aan Sy belofte aan Noag en aan ons almal (Gen. 9:16).
- God het diere geskep en gee om vir diere. Ons moet ook mooi na ons diere kyk (Spreuke 12:10). Kyk net die kleurvolle troeteldier-vissies hierbo!

# Hoogtepunte van die kwartaal

## Spesiale besoeke deur ons borge




Dit is asof die jong leerdertjies ons borge se omgee kan aanvoel wanneer hulle self die kwartaal se werkboeke kom uitdeel! Bo: Hier het verteenwoordigers van *CS Property Group* en *Elevate Retail Group* in Januarie vanjaar van die skole onder hul borgskap besoek.

## Nuwe en langstaande borgskappe



Links, bo: Campher Serfontein, besig om 'n voorlegging van HOEP te doen by die gesogte jaarlikse Ipic Gala Fondsinsamelingsgeleentheid. Wat 'n reuse hoogtepunt en eer om na afloop hiervan 'n borgskap van Ipic te kon ontvang! Ons is opgewonde om hulle te gaan

wys waar hierdie borgskap gesaai gaan word in die lewens van jong leerdertjies uit Mitchell's Plain, Delft en Kuilsrivier!

Regs, bo: Rian Erasmus, eienaar van Waterstone Biltong Stellenbosch Square, besoek Macassar Seahorses (Macassar) en Little Angels (Southfork), die twee skooltjies waar die HOEP-program deur sy besigheid se borgskap gedra word.

## Vriende van HOEP



Bo: Twee vreugdevolle oggende saam met vriende van HOEP! Links, bo: Bill Reichardt en Dr. Scottie May van Chicago in die VSA en regs, bo: Pierre en Eldri Malan tydens hul besoek aan HOEP. Dankie vir wat julle al vir soveel jare inploeg in kinders se lewens. Dit was wonderlik om saam met julle te kon stilstaan en in dankbaarheid te kon kyk na 'n reuse oes op die land.

## Besoekers van reg-oor die wêreld!



Links, bo: Kelly Sherman, president van EmitIQ MRV, lei die ontwikkeling van hoë integriteit koolstof projekte in Kanada, sowel as internasionaal. Kelly en Campher is beide betrokke by *New Beginnings,* 'n projek in Vhembe, Limpopo, wat beoog om 'n deurslaggewende rol te speel in die stryd teen klimaatsverandering deur koolstofneutraliteit te bevorder deur onder meer die aanplant van Moringa plantasies. Hierdie projek het ook ten doel om die plaaslike ekonomiese en sosiale uitdagings in Vhembe aan te spreek. Laasgenoemde doelwit het Kelly uiteindelik na HOEP gelei. Ons sien uit om te sien wat die Here vir HOEP in Vhembe beplan!

Regs bo: Marianne Kooij van Nederland is 'n kundige op die gebied van gesigsgestremdheid. Sy het in Februarie vir ons span 'n baie insiggewende werkswinkel aangebied rakende die verskillende vorme van swak sig, die identifisering van leerders wat hierdeur gekniehalter word en moontlike oplossings. Dit was 'n seën om by iemand met soveel praktiese ondervinding in haar veld te kon leer!

### NG Helderberg Gemeentelede se liggies skyn helder!




## HOEP se voetspoor in die Wynlande en in Limpopo!

### Wellington en Paarl

HOEP tree nou reeds vir 'n jaar lank op as diensverskaffer aan Communities of Abundance Africa. Drie van die Laerskole waarby CoAA betrokke is, nl. Hillcrest Primêr, Simondium Primêr en Joostenberg Primêr se graad R en RR klasse baat tans deur hul borgskap by HOEP se Vroeë Remediërende Intervensie. Ons is dankbaar om te sien hoe hierdie skole die HOEP-program met toewyding omarm het en effektiewe maniere gevind het om die intervensieprogram met hul CAPS Kurrikulum te integreer.




Bo: Leerders van Hillcrest Primêr, Simondium Primêr en Joostenberg Primêr aan die werk! Ons is so trots op hierdie jong leerders en hul knap opvoeders!

## Ga-Maja in Polokwane

’n Groot stap het in Januarie op HOEP gewag! Ons kon deur XL Education en NIKA Capital se ondersteuning vir die eerste keer ons program na ’n area buite ons onmiddellike reikwydte neem!

Shoki Mashitisho is deur XL Education en NIKA Capital aangestel om die HOEP-program by vier Vroeë Kinderontwikkelingsentrums en een Laerskool in Ga-Maja uit te rol. Sy was vir ’n paar dae in Somerset-Wes om die hartklop van HOEP te ervaar en sedertdien het sy die eerste persoon geword om weeklikse aanlyn opleiding deur HOEP te ontvang!




Wat ’n vreugde om met Shoki saam te werk. Haar ywer en passie is reeds besig om ’n groot impak te maak!

Links, bo: Shoki tydens haar opleiding in Somerset-Wes en besoeke aan skole om prakties te beleef hoe die HOEP-program geïmplementeer word. Almero Strauss (Uitvoerende Hoof, NIKA Capital) en Colin Vincent (Uitvoerende Hoof, XL Education) het ons vergesel na 'n paar skole tydens opleidingsessies deur ons HOEP-fasiliteerders.
Regs, bo: Die opvoeders by Bokgobelo Mphakanyane Primary School, Mokoena Maja ECD, Makgeila ECD, Thlakodisa ECD en Mologadi ECD se opvoeders is sterre en het die HOEP-program reeds volstoom begin implementeer.

## Dankie diep uit ons harte!

Wanneer ons terugkyk op hierdie spesiale kwartaal, kan ons almal by HOEP net eer bring aan ons Hemelse Vader en dankie sê aan ons ongelooflike donateurs! Julle dra ons, versterk die gemeenskappe en maak 'n wêreld se verskil!



Hoep Leierskap 2026

Campher Serfontein: Stigter en Hoof-bestuurder
Sunette Erasmus: Operasionele bestuurder
Anton van Geest (Diversifi): Direkteur - HOEP NPC en Betaalmeester
Hein Coetzee (Top Fruit): Direkteur en Voorsitter van HOEP NPC
Nico Esterhuyse (SASOL): Direkteur - HOEP NPC

HOEP-span 2026

Agter: Olivia Oppelt, Angelique Watts, Sunette Erasmus, Campher Serfontein, Shana Keur en Lynne Jacobs.

Voor: Beverley Roberts, Abigail Snyders, Patricia Mntuyedwa en Sophia Herman.



# Kontak ons gerus!




**Kontak persoon: Campher Serfontein**
**078 702 7584**

**Ons is op Facebook:**
**Helderberg Uitreik Hemel op Aarde Projek**

**Besoek ons webtuiste:**
**www.hoep.org.za**

**Epos ons:**
**admin@hoep.org.za**

**Ondersteun ons in ons missie om die jong leerders in ons land 'n goeie wegspring te gee:**

**Bank: ABSA**
**Rekeningnaam: Heaven on Earth Project NPC**
**Rekeningtipe: Tjek**
**Rekeningnommer: 4123857001**
**Takkode: 632005**
**Verwysing: Naam en Van**

Saamgestel deur:
Sunette Erasmus

Datum:
26 Maart 2026